MARION HOLM

"Marion skilder met woorde, stembuiging en lyftaal….

Sy dis haarself op met skete, fobies en koddighede. *Weerloos.*

Briljant, diep en snaksnaaks."

As jy egter daarvan hou om teneergedruk te wees, is 'n Marion Holm vertoning nie vir jou nie!



Sedert 2004 doen Marion haar eenvrouvertonings, wat haar gevestig het as een van die land se beste aktrises en storievertellers in Afrikaans. Vir ses jaar was sy almal se geliefde *"Sussie".* Daarna volg 'n hele string solovertonings soos onder andere *"Met die Holm gebore", "Holmakiesie"* en *"Die Kaap is weer Holms",* die een meer suksesvol as die ander.

Haar stories kom op 'n streep aan na haar uit die gewone lewe. Dis Marion se alledaagse doen en late wat haar vertonings so menslik en lewendig maak. Sy praat oor dinge wat almal ervaar of kan herken, asof sy met jóú praat.

Jy kan vir Marion bespreek om op te tree by jou fees, teater of organisasie. Dit is makliker en bekostigbaarder as wat jy dink. Jy bespreek en ons daag op met Marion se nuutste vertoning om jou gaste of kliënte te vermaak. Of bespreek Marion as seremoniemeester vir enige geleentheid onder die son en ons werk saam met jou om te verseker jou funksie verloop so glad as moontlik.

Kry die lewe jou onder? Maak die ekonomie en die politiek jou moedeloos?

Hier is die antwoord: lagterapie! Marion Holm terapie!!

OPERASIE HOLM

Sy het al in meer as 60 teater produksies gespeel, in verskeie TV reekse verskyn en 10 tekste die lig laat sien.
In 2017 het sy die land plat getoer en op elke denkbare kunstefees uitverkoopte sale gehad. Vanjaar is sy terug met ‘n splinternuwe vertoning – Operasie Holm

Marion vat haar lewe en plaas dit onder haar eiesoortige vergrootglas, skeer meestal met haarself die gek, bekyk die euwels van die alledaagse lewe.

Haastigheid is nie ván die duiwel nie, dit IS die duiwel! En dis waar, dis hoe ’n mens oor jou eie voete val en dan begin alles mos sommer inmekaar en oormekaar te tuimel. Om Marion dit te hoor (en veral ook te sien) vertel, is net een groot glimlag van begin tot einde.

Marion sê haar sê, sonder prekerigheid of vingerswaai. Maar sy weet hoe om reguit te praat met een oog altyd doelgerig op die prys – vermaak.

VERHAALTJIES & STAALTJIES OOR DITJIES EN DATJIES

- ‘n Praatjie vir almal -

Marion Holm gesels oor hoe moeilik, of maklik dit is om deesdae te oorleef: blaffende honde, Facebook, onbeskoftheid en armoede. Getrou aan haar aard gee sy ook al geselsende ‘n ander kyk op alles en nog wat, en laat jou op die ou einde met ‘n positiewe hart wegstap. Dit is nie ‘n toneel vertoning met beligting en klank nie; dis net ‘n praatjie, ‘n lekker gesels kuier, maar aan lag en substansie staan dit nie ‘n aks terug nie.

Perfekte opsie vir ‘n damesoggend vol pret en inspirasie!!!

BESPREKINGS & NAVRAE: Artist Warehouse CC

Tel: 0860 278 478
Sel: 083 300 5447 (Nelius Ferreira)
Epos: info@artistwarehouse.co.za
Web: www.artistwarehouse.co.za

ARTIST WAREHOUSE
entertainment consultants